# *tippet 100*

**Hier is drie leestekens wat ons laat nadink:**

**Die vraagteken (?) daag ons uit om goeie vrae te vra soos "waarmee is ek besig?" en "is hierdie die beste wat ek kan doen?" of "maak ek verskil in iemand se lewe?"**

**Die ellipsis (…) aan die einde van 'n sin dui aan dat iets nog "ongesê" is. Dit suggereer dat daar nog moontlikhede is. Netso in jou lewe. Daar is nog altyd iets meer om te doen of te leer of te oorweeg…**

**Die uitroepteken (!) word gebruik om iets te beklemtoon. Gaan groot! Leef voluit!**

**Leef jou leestekens raak.**

**Francois Retief**

**19 November 2018**